**GRAAD 11 : KWARTAAL 2 : TAALSTUDIE nr. 2**

**TAALSTUDIE 2**

Lees die onderstaande teks deur en beantwoord al die vrae.

## Dis hoekom ons kinders so sukkel om te lees

1. …Hulp- en remediërende programme is ingestel. Baie het tot 'n vroeë einde gekom, nog voordat dit behoorlik op dreef was of inslag kon vind.
2. Navorsing met gr. 9-leerders dui voorlopig daarop dat die ouer leerders se agterstand heelwat kleiner is. Hulle en hul onderwysers het meer tyd gehad om die agterstand uit te wis. Maar goed genoeg is dit nie. Net 58% van die kinders het die verlangde nasionale geletterdheidsvlak bereik. Dit is steeds onrusbarend swak.
3. My navorsing het getoon dat die leesproses uit drie hoofkomponente bestaan: leesbegrip, leesspoed en die regte houding jeens lees. Dis by laasgenoemde dat ouers 'n groot rol speel: kinders volg hul ouers na. As ouers aand na aand voor die televisie sit eerder as om te lees, is die kans goed dat hul kinders dieselfde sal doen.
4. …Die hele formele onderwysstelsel – die owerheid, skoolhoofde en onderwysers – sal hand in eie boesem moet steek oor leerders se swak vertoning in die geletterdheidstoets en 'n aantal vrae moet beantwoord.

1. Wat is die funksie van die koppelteken na ***"Hulp-"*** in par.1?
2. Waarom het ***"vroeë"*** in par.1 'n deelteken?
3. Skryf die **meervoud** van die volgende sin neer:
   **Vir 'n gr. 7 is 'n maat belangrik.**
4. Gee die basis van die woord ***"vroeë".***
5. Verdeel ***"remediërende"*** in lettergrepe.
6. Verdeel ***"programme"*** in klankgrepe.
7. Gee die afkorting van ***"laasgenoemde"*** (par. 3).
8. Verklaar die volgende idiomatiese uitdrukking: ***"die hand in eie boesem steek"*** (par. 4).
9. Gee 'n woord vanuit par. 2 wat ***"tydelik"*** beteken.

10. Skryf die onderstreepte sin in par. 3 as 'n **vraagsin**.

11. Gee die basis van die woord ***"vertoning".***

12. Gee die verkleiningsvorm van die woord ***"vertoning".***

13. Gee die **versameInaam**: ***'n*** _______________ ***leerders***.

14. Vorm 'n persoonsnaam met *"swak".*

15. Gee sinonieme vir *"skoolhoofde"* en *"jeens".*

16. Is die woord *"steek"* 'n homofoon of homoniem. Motiveer en verduidelik jou antwoord deur die woord in sinne te gebruik.

---

